



# Ouers in Harmonie

Volume 3, Junie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Liewe Ouers,

Baie dankie aan dié wat terugvoering op ons ouerblad gestuur het - elke briefie word waardeer! Boonop is dit mos jul eie nuusblad en ek wil julle regtig ook aanmoedig om deel te neem aan ons gesprekke.

Soos julle seker teen hierdie tyd agtergekom het, pas ons nuusblad se naam baie mooi in by ons gemeente se Rietfluit, Rietnuus, die kinders se Penniefluitjie, ens. Ons is almal een groot simfonie-orkes wat aparte musiekinstrumente bespeel om uiteindelik vir God te loof!

Toe ek leer bestuur het - op 'n trekker en nie met sy motor of bakkie nie - het my pa vir my 'n waardevolle les geleer waaraan ek myself daaglik weer moet herinner.

Hy het gesê: **"Net sodra jy dink jy kan nou bestuur, stop die voertuig en dink weer!"**

Hierdie maand kyk ons na 'n spesifieke

spreekwoord en ons gaan dit verkeerd bewys:

**"Jy kan nie 'n ou hond nuwe truuks leer nie"**

Nou sal julle seker wonder hoe op aarde mens dit by ouerskap en verwante onderwerpe kan uitbring...

Wel, ek is oortuig daarvan dat God die manier het om ons klomp 'ou honde' gedurigdeur 'nuwe truuks' aan te leer.

God gebruik ook soms dinge wat met ons gebeur om ons **te laat stilstaan en weer te dink** - al behels die dinkwerk doodeenvoudig 'n bewuswording daarvan dat ons van Hom afhanklik is en nie alles self kan doen nie.

**Saam in Sy diens,**

**Lita**

**NS:** Die afskeurstrokie hieronder is behou, sodat julle dit gerus met jul vriende kan deel, selfs al is hulle nie in ons gemeente nie.

## Notas vir die yskas

Datums vir Kleuterkerk en Junior Kategese:

- 5 Junie - Werkswinkel - Deel 1
- 12 Junie - Werkswinkel - Deel 2
- Dan 'n lang vakansie!
- 24 Julie - Begin van die derde kwartaal

**Failure is not fatal,  
but failure to change  
might be.**

**John Wooden**

## Gelukkige Vadersdag aan al ons Pappas!

Vadersdag is spesiaal  
al word dit elke jaar gehou  
Daarom skryf ek nou, liewe Pappa,  
hierdie rympie spesiaal vir jou!

Jy het my eerste tand getrek  
en hou my hand vas as ek bang is,  
Jy is die een wat my soggens wek  
en my laat lag as ek bedruk is.

Jy help my om balle te leer vang en skop,  
en partykeer om amandels of ertjies  
uit te dop.

Soms hoor ek jou al vroeg-vroeg soggens  
in die tuin 'n liedjie fluit,  
en saans laat maak jy seker al  
ons deure is gesluit.

Al raas jy soms met my,  
weet ek dat ek nêrens  
'n beter Pappa kan kry!

Dankie dat jy my Pappa is,  
en my leer wie Jesus is.

Ek dra jou gene in my lyf  
en is trots daarop om vir jou  
hierdie vers te skryf.

## Ouer-Oase

- 23 Junie 2011

Elke laaste Donderdag van die maand is dit tyd vir ons Ouer-Oase.

DVDs word in saal vir kinders gewys, so julle is welkom om die kinders saam te bring.

Moenie hierdie kans laat glip om met ander ouers te deel nie!

Hulle kan van jou leer en jy weer van hulle!

Ja, ek/ons stel belang om **Ouers in Harmonie** te ontvang. Stuur dit asseblief vir my/ons soos hieronder aangedui:

Naam en van: .....

Posadres: .....

**of** per e-pos: .....

Onderwerpe waarin ek/ons belangstel: .....

.....



# Ouers in Harmonie

Volume 3, Junie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Van honde en kinders...

Ek het bietjie navorsing op die web gedoen oor die afrigting van honde en hierdie een afgekom waar 'n paar oulike doelwitte uitgespel word:

<http://www.dog-obedience-training-review.com/>

### Doelwitte:

- To raise a well respected canine citizen
- To build a genuinely strong owner-dog relationship based on trust, co-operation and well defined roles
- To have confidence in, and control of my dogs in any situation - including around kids and other animals
- To work with my dog's natural drives and instincts, not against them
- Absolutely no cruelty or harsh 'old school' dog training techniques.

Kom ons kyk hoe ons dit op ons kinders van toepassing kan maak. Ek is seker julle sien sommer al klaar die moontlikhede in!

- Elkeen van ons wil hê ons kinders moet opgroei om selfstandige en gerespekteerde grootmense te wees
- Ons wil almal 'n sterk ouer-kind verhouding met ons kinders hê wat gebaseer is op wedersydse vertroue, samewerking en duidelik-gedefinieerde rolle
- Ons streef almal daarna om soveel vertroue in ons kinders te hê, dat ons hulle in enige situasie met 'n geruste gemoed kan laat, omdat ons weet dat hulle reg geleer is

- Ons behoort te verstaan dat ons kinders verskil en dat elkeen 'n ander geaardheid het en op 'n ander manier hanteer moet word, sodat jy hom/haar kan help om hul eie unieke persoonlikhede volledig te kan ontwikkel

- Ons glo nie daaraan om ons kinders se gees 'in te breek' nie, maar om hulle met respek en liefde te lei om tot hul volle potensiaal te ontwikkel.

Klink dit te goed om waar te wees? Of onmoontlik?

Nee, dit is nie. Eintlik is dit, ten spyte van die 'terrible two's' en tienergeite, tog die dinge waarna ons almal streef in ons kinders se opvoeding.

Soos mens met 'n klein hondjie geduldig moet wees om hom te 'house-train' (en met party soorte honde meer geduld as ander moet hê!), net so moet ons met ons kinders geduld aan die dag lê om die regte doelwitte na te streef en die regte gedrag vir hulle aan te leer.

En net so het mens partymaal met een kind meer geduld nodig as met 'n ander!

Nie eens identiese tweeling het dieselfde geaardhede nie. Kinders verskil van mekaar en dis normaal, al voel dit vir jou soms jy kon hulle in vormpies giet om tog net die regte dinge op die regte tyd te doen!

Dit werk nie so nie, maar dit het julle seker alreeds opgemerk!

Belangstellings verskil, optredes verskil, reaksies verskil.

En dis OK! Hulle is immers verskillende kinders met verskillende name, geaardhede, belangstellings, ens. Jy wil tog nie 'n spul robotte om jou hê nie!

Vind dus uit wat jou kind se spesiale kwaliteite is en probeer jou dissipline daarby aanpas.

Vir 'n kind met 'n sagte hart sal 'n geselsie oor die implikasies van sy optrede baie meer sin maak as 'n pak slae.

Die kind wat nie waarde heg aan kwaliteityd saam met sy gesin nie, sal nie gestraf voel as jy hom 'n gesinsuitstappie ontnem nie.

'n Tiener wat 'n ekstra verlengstuk aan haar oor gegroei het, kan dalk net 'n paar maniere byleer as haar selfoon vir 'n rukkie afgevat word!

Die belangrikste om te onthou is dat jy as ouer primêr verantwoordelik bly vir jou kind se opvoeding. Dis niemand anders se werk nie.

Dis jou werk wat God vir jou gegee het.

**Jy is,  
ten spyte van jou eie tekortkominge,  
en ongeloof in jou eie vermoëns,  
die beste persoon vir die werk!**

God het immers jou kinders vir jou gegee!

## Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

-Anoniem -

## Het jy gedink jy werk alleen?

### Verkeerd!

Dawid het vir sy seun Salomo gesê:  
"Wees sterk, staan vas, begin die werk!  
Moenie bang wees nie en moenie besorg wees nie, want God die Here, my God, is by jou.  
Hy sal jou nie aan jousef oorlaat of jou verlaat nie, sodat jy al die werk vir die diens in sy huis kan afhandel.

1 Kronieke 28:20

Hou aan, hou uit, bou aan jou kinders se karakters!

God is by jou!

Jy is nooit alleen nie!

**Geloof maak dinge moontlik;  
nie noodwendig makliker nie!**

Anoniem



# Ouers in Harmonie

Volume 3, Junie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## 'Die storie van die spekboom (Anoniem)

Dis 'n lieflike someroggend. Ek draf vinnig by die kwekery in om 'n kliënt se vetplantbestelling op te laai.

Die pragtige groen spekboompies trek my aandag en ek fluit vir Marius om 'n ekstra een te laai vir my tuintjie.

Later die middag is my spekboom egter iets van die verlede.

Een van die werkers het die kan diesel agter op die trokkie oopgelos en die diesel het bo-oor die spekboom gespat. Sy blaartjies het reeds begin verkleur en die grond is papnat van die diesel.

Vies, somer baie vies sit ek die vernielde spekboom agter die Wendy-huis waar ek hom later sal weggooi.

Dis twee weke later....

Ek soek na die blou gieter, en loer agter die Wendy-huis in. My mond val oop.

'n Klein stukkie van die dooie, diesel-deurdrenkte spekboom, het oorleef!

Ek tel die potjie op en kyk na die natuurwonder. Net een takkie van die spekboom het grasgroen gebly en is besig om nuwe blaartjies te stoot.

Ek vat onmiddellik die snoeiskêr, knip die gesonde takkie af, maak 'n pot vol kompos, gooi 'n miswurm en 'n ekstra erdwurm in vir geluk en plant die takkie.

As hierdie plantjie so graag wil leef, verdien sy ekstra liefde en aandag.

Sommer so op my knieë, voor die blompot, dink ek aan die mense wat my omring.

Baie van ons oorleef ten spyte van die diesel wat soms op ons gemors word.

Ons klou vas, hou uit, stoot selfs nuwe blare in doodgaantye.

Al is die grond waar ons geplant is dood en sonder enige waarde, bly ons groen enlewendig, net soos hierdie spekboom.

My gebed vir jou is dat jy met jou oë op God gerig, sal vasbyt.

Jouself sal inwurm in Sy liefde.

Sal aanhou dankbaar wees vir die son wat oor goed en sleg skyn.

Nooit sal ophou bid en droom van 'n uitplant-dag in beter grond nie.

Ek weet God beplan vir elkeen van ons 'n pot met vrugbare grond en 'n ekstra erdwurm net vir die liefde!

(Jer. 29:11)

## Maar wat as ek misluk?

Wanneer misluk jy?

- Wanneer jou kind nie aan jou verwagtinge voldoen nie?
- Wanneer jy nie tevrede is met die C op die rapport in plaas van die A nie?
- Wanneer jou kind begin drank of dwelms gebruik?

### Nee!

Vir 'n ouer is mislukking wanneer hy/sy moed opgee met sy/haar kinders. Wanneer jy ophou om hulle tereg te wys, hulle van God te leer, hulle karakters te probeer bou en ophou om vir hulle te bid.

God het jou vir jou kinders uitverkies en hulle spesiaal vir jou gegee - dis 'n genade-geskenk van Hom af.

Hoewel hulle nie met 'n handleiding by geboorte aan jou oorhandig word nie, het jy die beste Handleiding van alle tye - God se Woord! Lees dit, leer daaruit, pas die beginsels toe.

En onthou dat jy nie alleen is in die taak nie. God is jou Vader en weet presies wat in jou hart omgaan. Hy weet van elke bekommernis, elke beklemming om jou hart, elke vreugde. Deel met Hom en Hy sal jou die leiding gee wat jy nodig het.

Selfs al lyk dit of jou plantjie nie vordering maak nie...wees geduldig en hou aan om dit nat te gooi en voeding te gee!

## Dink weer oor 'ou truiks' en verandering...

God kan jou verander en gebruik...hier is die bewyse:

Noag was 'n dronklap  
 Abraham was te oud  
 Isak was 'n dromer  
 Jakob was 'n leuenaar  
 Lea was nie mooi nie  
 Joseph is misbruik  
 Moses het gehakkel  
 Gideon was 'n bangbroek  
 Simson se hare was lank en hy was 'n regte Cassanova  
 Ragab was 'n prostituut  
 Jeremia en Timotheus was te jonk  
 Dawid het 'n affair gehad en moord gepleeg  
 Elia was depressief en wou selfmoord pleeg  
 Jesaja het nakend gepreek  
 Jona het vir God weggekruip  
 Naomi was 'n weduwee  
 Job was bankrot  
 Johannes die Doper het goggas geëet  
 Petrus het Christus verloën  
 Die dissipels het aan die slaap geraak toe hulle moes bid  
 Marta het haar oor alles bekommer  
 Die Samaritaanse vrou was meer as een maal geskei  
 Saggies was te klein  
 Paulus was te godsdienstig  
 Timotheus het 'n maagseer gehad...en  
 Lasarus was dood!

*So, wie dink jy is jy dat God jou nie kan gebruik nie?! Jy sal verbaas wees wat Hy kan doen as jy Hom toelaat!*



# Ouers in Harmonie

Volume 3, Junie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boekwurms


Ek het in my Leserskring-katalogus gesoek vir iets wat ek solank vir my suster se driejarige seuntjie kan koop, want hy is 'n regte nuuskierige agie - soos hulle maar op daardie ouderdom is!

**h Kameelperd het dieselfde getal werwels in sy nek as wat 'n mens het!**

Nou wat het 'n kameelperd se getal nekwerwels met 'n boek te doen?

Dis maar net een van die vele feite in die boek van **Helen Lewis** wat ek toe ontdek!

Die **FEITE-BOEK** is spesifiek gemik daarop om



ons kinders van 8 tot 12-jarige ouderdom te help en Lewis het selfs die moeite gedoen om ons nasionale leerplan / kurrikulum in die opstel van die boek te dek.

**ISBN:** 9781920268732  
**Skrywer:** Helen Lewis  
**Gewone handelsprys:** Ongeveer R190,00

**Leserskringdetails:**  
Itemnommer: 27292  
Klubprys: R 159.95  
Telefoon: 021 469 7575

Dus, as jy nog gedink het LO het iets met liggaams-opvoeding te doen, kan jy gerus ook die boek aankoop, want al die vakke in die laerskool word hierin gedek!

## Hier is my gevoel oor die boek:

Deur net na die omslag te kyk, kry mens dadelik die gevoel van hoe kleurvol en kreatief die inhoud saamgestel is.

Dit bevat meer as 600 foto's, diagramme en sketse!

Die feite word kort en bondig weergegee, maar op so 'n interessante manier, dat selfs die luiste lesertjie daarvoor kans sal sien!

Dis soos 'n ensiklopedie in die klein, maar is in 'n maklike en verstaanbare Afrikaans geskryf, sonder om weg te skram van 'groot woorde' (soos Liewe Heksie sou sê) waar dit nodig is.

Wat my veral beïndruk het, is die manier hoe dié goed wat mens nie eintlik hoef te weet nie, maar wat tog die feite meer interessant maak, uitgelig word, sonder dat jy die gevoel kry dat jy hier met 'n naslaanwerk te doen het.

By die planete word daar byvoorbeeld 'n *eselsbrugge* gebou (dis 'n rympte om jou te help onthou) om die name van die planete te leer. Ek onthou ons het ook een op skool gehad ("Meneer Van As My Jas Sal U Net Pas"), maar met die herklassifisering van Pluto in 2006 as 'n dwerg-planeet, werk ons

rympie nie meer nie.

Lewis gebruik hierdie een wat sommer nog maniere ook byleer!

Maak Vrede As  
Maats Jammer Sê  
Uit Nood

O ja, vir die grootmense wat nog nie die planete se name ken nie, hier is hulle:

**Mercurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus**

Ek het nou wel by die Taalafdeling 'n beskrywing van die intensiewe vorme (bloedrooi / spierwit, ens) gemis, maar dit is nie die einde van die wêreld nie.

Die Mammass wat met die skooltake moet help... hierdie boek is 'n moet!

En dis 'n heerlike geskenk om vir 'n vriendin of iemand se kinders te gee!

Ek het een nou vir my rak, maar gaan sommer nou een in Engels ook koop om vir my Duitse vriende se kinders saam te vat - hulle kan dan sommer bietjie van ons land ook leer!

Die Engelse een is getiteld:

**Factfinder** (ISBN nommer: 9781920268725)

Kyk ook uit vir hierdie boeke deur dieselfde skrywer:

**Feitepedie** (ISBN nommer: 9781770221291)

**Factopedia** (ISBN nommer: 9781770221284)

## Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

## Bediening vir Diens

**Taakspanleier: Kinders**

**Lita Spreeth (Red.)**

**Telefoonnommer:**

**082 453 8421**

**Epos: [lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)**

**Diensleier:**

**Peet Dorfling**

**Telefoonnommer:**

**084 464 7102**

**Epos:**

**[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)**

**Alternatiewe epos-adresse om ons te kontak:**

**[kinders@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za)**

**of**

**[diens@rietfontein-suid.ng.org.za](mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za)**

**Besoek ons gemeente se webwerf:**

**<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>**

**Kyk onder Die Koffiepot!**